



Hoe kan ek loskom van die hoeke wat my vashaak?

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Ons leef in baie moeilike en uitdagende tye. Daar is soveel in ons persoonlike lewe waarvan ons ontslae kan raak. Daar is verskeie uitdagings, beproewings en aanvegtings.

Ons praat dikwels oor die toekoms van die kerk, maar ons vergeet ongelukkig dat 'n kerk net 'n toekoms het as daar gemeentes is, en gemeentes kan net oorleef as huisgesinne oorleef. Dit is daarom nodig dat ons op voetsoolvlak sal gaan kyk na die dinge waaraan individuele mense vashaak en waardeur hulle dan afgetrek word. Dit is hier waar ons begin dink, praat en werk voordat ons oor die toekoms van die kerk kan dink en praat en daaraan kan werk.

Betroubare navorsing het uitgewys dat daar ten minste drie groot hoeke is wat die mens van vandag haak en aftrek, naamlik sinisme, nostalgie en fantasie. Dit is asof hierdie drie hoeke ons mense gehaak het en ons stadig maar seker ondertoe trek, sonder dat ons dit altyd agterkom.

Sinisme word deur die *HAT* soos volg beskryf: sonder geloof en maak 'n gesprek altyd onaangenaam. Mense wat deur sinisme gehaak word, sien niks goed raak nie. Alles en almal is sleg en niks is meer die moeite werd nie. Die donker wolke het geen goue randjie nie.

Die nostalgiehoek haak mense vas aan drome van die goeie ou dae. Alles in die verlede was beter en goed, en alles in die toekoms is sleg en niks kan verbeter nie.

Die fantasiehoek weer, haak mense en trek hulle af met die gedagte dat ons net moet wag vir die toekoms, want eendag sal alles net beter wees.


Die probleem wat ontstaan met hierdie hoeke, is dat dit 'n mens verlei om in die verlede of in die toekoms te lewe, maar nie in die hier en die nou nie. Die hier en die nou is die beste wat ons het, en daarom moet ons daarop fokus.

Hoe kan ons op die hier en die nou fokus en die hoeke van ons gees losmaak? Die Bybel help ons op verskeie plekke daarmee. Ons kan hier en nou fokus op die volgende: intensionele omgee, gemeenskapsbetrokkenheid en die bou van verhoudings. Intensionele omgee is bewustelike omgee. Gemeenskapsbetrokkenheid is waar ons by baie geleenthede betrokke kan raak, byvoorbeeld besoeke aan bejaardes en siekes, Bybelverspreiding, verskaffing van kospakkies, en baie ander. Met die bou van verhoudings moet jy eerstens 'n verhouding met God bou, dan 'n verhouding met jouself, voor jy 'n verhouding met jou medemens kan hê.


Hierdie drie take beskryf 'n missionale kerk – die kerk vir vandag! 'n Ware kerk vir die toekoms.

Elizabeth Janse van Rensburg, Zuurfontein

Lief en leed



Mev Elria Wessels



Mev Louise Geysler



Ds Danie van der Watt



Ds Johan du Preez

- **Mev Dina Johanna Labuschagne** (92), weduwee van ds JM (Koos) Labuschagne wat in Mei 2007 oorlede is, is Saterdag 9 Oktober in Polokwane oorlede weens natuurlike oorsake. Sy het die Vrydagaand nog gekuier saam met die egpaar wat haar versorg het, en het rustig gaan slaap. Sy is gedurende die nag in haar slaap oorlede. Ons innige meeleving gaan aan haar naasbestaandes.
- **Mej Elria Wessels** (72), een van Suid-Afrika se topnavorsers oor die Anglo-Boereoorlog, is Vrydag 15 Oktober in 'n aftreeoord in Wolmaransstad in haar slaap oorlede. Haar roudiens op Vrydag 22 Oktober is gelei deur ds Gerhard Viviers. Tydens die diens is groeteboodskappe van 'n paar van haar oudleerlinge van Hoërskool Amajuba voorgelees. Ons innige simpatie gaan aan haar naasbestaandes.
- Dit begin geleidelik beter gaan met **oudl Frits Smit** van Kaapstad (kassier en jarelange lid van die Kommissie van die AKV), hoewel hy steeds in die intensiewesorgeenheid is. Hy is wel van die ventilator af en ontvang nou fisioterapie. Ons bid hom algehele herstel toe.
- Baie sterkte aan **mev Louise Geysler**, weduwee van prof Piet Geysler, wat nog herstel nadat 'n kwaadaardige gewas van 'n nier verwyder is. Die genesing van die wond sal tot ses weke duur, en verdere herstel tot ses maande. Sy sal ook behandel word vir versteurde hartritme, hoë bloeddruk en 'n lae bloedplaatjietelling. Ons bid haar volkome herstel toe.
- **Ds DW (Danie) van der Watt** sal sy akte van emeritaat op Sondag 21 November by Gemeente Dullstroom in ontvangs neem. Prof Wim Dreyer sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon. Na ds Van der Watt se afstudering aan die einde van 1982 het hy gedurende daardie Desember op versoek 'n erediens in Dullstroom waargeneem. Dit was sy eerste erediens in die wyer Kerk. Nou, aan die einde van sy bedieningstyd in die Kerk, is dit vir hom 'n voorreg om sy aftreejare as't ware daar te begin... Hy het ook belange in die Dullstroom-omgewing, en omdat hy en sy vrou, Linda, feitlik elke naweek daar deurbring, het hulle by Gemeente Dullstroom begin inskakel waar hy ook by tye die erediens waarneem.
- **Ds JP (Johan) du Preez** van Gemeente Van der Hoff vier op Sondag 21 November sy 25-jaar-jubileum. Tydens die geleentheid sal die gemeente se finalejaarkatkisante ook hul eerste Nagmaal gebruik tydens 'n loop-Nagmaal aan die einde van die diens.
- **Die volgende predikante verjaar tot 5 November 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 28 Oktober: Ds CEC (Colin) Hertzog (52) (Middelburg-Noord)
 - Saterdag 30 Oktober: Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger (41) (Rustenburg-Suid), di WH (Wilhelm) Steyn (78) (emeritus) en WF (Werner) Venter (52) (Schoemansdal)
 - Sondag 31 Oktober: Ds QJ (Quinten) Schimper (32) (Krugersdorp/Krugersdorp-Wes)
 - Dinsdag 2 November: Ds IM (Naas) Lombard (63) (Suidoos-Witbank)
 - Woensdag 3 November: Di HA (Hennie) Retief (70) (emeritus) en P (Petrus) Harmzen (52) (Gerdau)
 - Donderdag 4 November: Di HN (Hennie) Botha (82) (emeritus) en G (Gerhard) Viviers (41) (Wolmaransstad)

Gemeentes en bediening



Ds Yolandé de Lange

- **Ds Y (Yolandé) de Lange** (beroepafwagting) het die beroep na El-Flora aanvaar. Sy word op 16 Januarie 2022 daar bevestig.
- **Teologiese Opleidingsfonds.** Die jaarlikse **deurkollekte** wat aan die Fonds afgestaan sal word, is dié van **24 en 31 Oktober** vanjaar. Die bydraes vir die Fonds bly verdienstelik, veral in die lig van die besluite van die laaste AKV dat soveel moontlik aan studente bestee moet word. Die bankrekening vir inbetalings is steeds soos volg: ABSA; Teologiese Opleidingsfonds; rekeningnommer 4048632649; takkode 632005.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Carletonville.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat hierdie werkruimte deelyds kan bedien.

Gemeenteprofiel: Die gemeente bestaan sedert 1958 en is een van twee NHKA-gemeentes in Carletonville. Die sieletal is tans ongeveer 365. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n gemiddelde ouderdom van 57 jaar. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook 'n ruim, gerieflike pastorie.

Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passiewolwe verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Gees-vervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente verwag van aansoekers om 'n erediens in die gemeente waar te neem en die volgende vraelyste te voltooi en terug te stuur:

- Persoonlike inligting.
- MBTI-persoonlikheidsprofiel.
- Spiritualiteitstipe.

Aansoeke sluit op 30 November 2021 en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, nhkacville2@gmail.com. Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **Beoogde komitee vir advies oor voorgestelde wetgewing.** Gemeentes en predikante nader dikwels die Kommissie van die AKV oor die Hervormde Kerk se standpunt wanneer die owerhede nuwe wetgewing oorweeg of voorstel. Die Kommissie van die AKV en die personeel van die Sinodale Dienssentrum beskik in die meeste gevalle nie oor die nodige kundigheid om gemeentes daarvoor te adviseer nie, en moet dan op enkele kundiges se knoppie druk om kommentaar te lewer. Dit gebeur dikwels dat hierdie kommentaar binne 'n kort tydsbestek gelewer moet word, wat dit uiteraard vir die betrokke kundiges baie moeilik maak. Daarom versoek ons gemeentes en predikante vriendelik **om regsgeleerdes in u gemeente te nomineer** wat die Kerk met advies oor konsepwetgewing kan bystaan wanneer die situasie daarna vra. Indien ons 'n **Kernkomitee: Kerk en Owerheid** kan saamstel wat die Kommissie van die AKV kan adviseer, kan ons die druk op enkele persone verlig en verseker dat die Kerk steeds goed ingeligte en weldeurdagte kommentaar lewer en so ook aan gemeentes die nodige leiding kan gee. U word vriendelik versoek om die name en kontakinligting van bekwame en gewillige regsgeleerdes **teen Vrydag 29 Oktober 2021** na karen@nhk.co.za te stuur.
- Die gekombineerde gemeentes **Belfast en Waterval Boven** het **preekgeleenthede** beskikbaar gedurende **Desember en Januarie**. Vergoeding sal vir twee preke, reiskoste en tolhekgelde betaal word. Kontak mev Anita Booyse (skriba Waterval Boven) by 072 590 1052.

Kerklieke publikasies



Bybelse Dagboek / Almanak 2022
R200 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Beperkte oplaag – bestel by boekwinkel@nhk.co.za

- Gemeentes word versoek om die besonderhede te verskaf van enige **emerituspredikante en/of predikanteweduwees** in hul geleedere, sodat hul komplimentêre eksimplare van die *Almanak/Bybelse Dagboek* saam met die res van die gemeente se bestelling versend kan word. Dui die bestellings asseblief apart aan, byvoorbeeld gemeente x-aantal, emeriti/predikanteweduwees y-aantal. Stuur die besonderhede asseblief aan mev Sarie Roux by boekwinkel@nhk.co.za.



- Daar is nog 'n groot hoeveelheid eksimplare beskikbaar van die huidige **Almanak/Bybelse Dagboek (2021)**, teen die **verlaagde prys van R100 elk (versending uitgesluit)**. Die oorspronklike prys was R190 per eksimplaar. Gemeentes kan gerus oorweeg om daarvan aan te koop vir verspreiding aan onder meer tehuise vir bejaardes. Die kosbare boodskappe in die *Bybelse Dagboek* is immers tydloos! Kontak mev Sarie Roux by die Sinodale boekwinkel, by boekwinkel@nhk.co.za of 012 322 8885 x3025, om te bestel.

- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA)** het onlangs **13 slimfontoepassings** bekendgestel wat mense toelaat om die Bybel in die 11 amptelike tale van ons land te lees. Die toepassings bevat onderskeidelik een of meer volledige Bybelvertalings in 'n betrokke taal en kan gratis van Google Play afgelaai word (die toepassings sal later ook op iOS en Huawei App Gallery beskikbaar wees). Hiermee kan die volledige Bybelteks sonder 'n dataverbinding op 'n selfoon gelees word. Verder kan verskillende vertalings met mekaar vergelyk word, die leeservaring kan volgens behoeftes aangepas word en Bybelverse kan ook met ander gedeel word.

Hierdie toepassings is 'n uitbreiding van die BSA se digitale aanbieding wat reeds die BibleSA Bybelstudie-platform insluit. BibleSA is 'n omvattende aanlyn platform wat tans 38 Bybelvertalings bevat, met Bybels in elkeen van die amptelike Suid-Afrikaanse tale. Behalwe vir die gemak om al die Bybeltekste op een plek te hê, bied die platform ook hulpmiddels soos preeksetse en 'n kerklike leesrooster vir kerke, Bybelleesplanne en heelwat meer.

Om Bybellees-toepassings af te laai, besoek:

<https://play.google.com/store/apps/developer?id=Bible+Society+of+South+Africa>

Besoek BibleSA by:

<https://biblesa.co.za/af>

Toerusting

Die 'Pop-UP' golf as fenomeen

Hoe baat kErK daarby?

- Feno-meen / menaal?
- Reddingsboei vir 'n sinkende situasie
- Interaktiewe biotoop / ruimte by 'n Pop-Up
- Pop-Up Preekstyl: 'n Asemteug verder
- 'n Geheelonthouer (Mind Maps)

Aanbieder: Ds. Thomas Dreyer

OPKOMENDE INVLOEDSESSIE

Dinsdag, 09 November 2021 om 10:00
Plek: Restaurant in Pta-Oos (TBA)

Koste: R700 pp (sluit middagete in)

Vir besprekings & info: Kontak Diane Roodt
by 012 023 0061 / diane@diekerk.com

die Kerk

- Kom gryp saam na 'n reddingsboei
Van 10:00 tot 13:00 op 9 November 2021
Geniet 'n middagete daarna
Aanbieder: Ds Thomas Dreyer
Kwalifikasies:
 - Grade in Pop-Up-kunde – geen
 - Kenner op die gebied – vir seker nie
 - *Net 'n self-geleerde swemmer in 'n vloeiende tyd*



Toelatingsvereistes

Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

“Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk.”

Inskrywings vir Januarie 2022 open 1 Oktober 2021

Maak 'n verskil in die Koninkryk van God

Navrae: Ds Bouwer Serfontein
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 339 7854

'n Gedig

toe die vliegtuig lig
die grond minder raak
en minder
raak
die halfdonker ons oorval
soos 'n skip
wat die water breek
sonder 'n kaptein
sien ek my ma haar bakkie
'n rooi stofstreep trek oor die land
die grond minder raak
en minder
raak
die enjin brul soos 'n miljoen
hartseer hane
word ons so lig soos vuurhoutjies
krimp sy tot 'n spikkel
behalwe vir
haar groot hande
hulle waai en huil soos wolwe

Hilda Smits

(Uit: *die bome reusagtig soos ons was*, 2016)

Konserte en feeste

- **Gemeente Horison Roodepoort** bied 'n **Kerslig-sangaand** aan op **Saterdag 27 November om 18:00**. Bekende sanger Mathys Roets tree op in die kerkgebou in Georginiestraat 34, Horison Roodepoort, waarna 'n driegangete in die kerksaal geniet word. Kaartjies beloop **R130 per persoon**. Vir navrae en besprekings, kontak dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of gnel074@gmail.com.

Barmhartigheid

- **VAKANTE POS: Persoonlike Assistent: Diakonaat**. Aansoeke word ingewag vir hierdie vakante pos. Die suksesvolle kandidaat sal oorwegend vanuit 'n tuiskantoor werk, maar ligging in Pretoria of Krugersdorp en omgewing is nodig vir in-persoon-werksessies en -vergaderings.

Posbeskrywing

'n Persoon met 'n passie vir barmhartigheid word benodig as persoonlike assistent, van wie onder andere verwag word om goeie administratiewe vaardigheid toe te pas in terme van

dagboekbestuur, die uitvoer van take oor 'n wye terrein van diakonale werk, skakeling met gemeentes, skakeling met direksies van maatskappye, opstel en versorging van amptelike dokumente, elektroniese liassing en die invoer van transaksies op 'n elektroniese bankplatform. Dit alles moet gedoen kan word via elektroniese kommunikasieplatforms.

Vereistes

- Uitstekende administratiewe vaardigheid.
- Volledige tweetaligheid in Afrikaans en Engels, in gesproke sowel as geskrewe taal.
- Goeie vaardigheid in die gebruik van Microsoft Word en Outlook.
- Vaardigheid in ander Microsoft Office-programme word aanbeveel.
- Vermoë om onafhanklik te werk en goeie tydsbestuur toe te pas.
- Vermoë om vergaderings te reël en organiseer, sowel via elektroniese platforms as inpersoon-vergaderings.
- Basiese finansiële vaardigheid ten opsigte van die uitreik van fakture en hantering van transaksies via internetbankdienste.

Vergoedingspakket

- Halfdagpos.
- R8 000 per maand, onderhandelbaar.
- Addisionele pensioen-werkgewersbydrae.
- Werk van die huis af, hoewel daar gereis moet word na vergaderings en werksessies soos nodig. Vergoeding vir reiskoste in uitsonderlike gevalle sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.
- 'n Skootrekenaar word voorsien, terwyl internetkoste en telefoonkoste vergoed word op grond van onderhandeling met die suksesvolle kandidaat.

Sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2021**, met aanstellingsdatum 1 Januarie 2022. CV's met 'n motiverende skrywe moet gestuur word na mannekrag@nhk.co.za.

- 
- **NHSV Beurse en lenings 2022.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan [hier](#) afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November 2021.**
 - **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes
Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deekamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za
 - **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
 - **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
 - **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blikspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Here, U het gesê:
Ek weet wat Ek vir julle beplan:
voorspoed en nie teenspoed nie;
'n toekoms, 'n verwagting!
Genadige en liefdevolle God,
ek raak angstig en bang oor die toekoms.
Tog weet ek dat die toekoms in u hande is.
Wees met my vandag.
Help my om goeie besluite te neem,
en bly by my elke tree van die pad.
Ek weet dat U vir my goeie uitkomstige beplan.
Dankie dat U my hoop gee vir die toekoms.
Amen.

www.dailyprayerguide.net/a-prayer-for-the-future-jeremiah-29-11/

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)